



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2020**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 70**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

---

**NASIENRIGLYNE**

1. 'n Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.
2. As 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.
4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus 'n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.
5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.
6. Slegs 'n punt vir die motivering word toegeken.
  - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
  - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.
7. Indien die kandidaat woorde uit 'n **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
8. Aanvaar dialektiese variasies.
9. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie.
10. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
11. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.
12. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
13. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
14. As 'n spelfout die betekenis van 'n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

**AFDELING A: ROMAN****VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

- 1.1 1.1.1 Hulle het geglo dat die olifante hulle sou hoor en dink die mense roep hulle en hulle dan sou aanval.  
(Of soortgelyk) (1)
- 1.1.2 bygelowig (1)
- 1.2 1.2.1 Josef het geglo dat Oupoot vir Josef se kind se dood verantwoordelik was.  
(Of soortgelyk) (1)
- 1.2.2 Maska het vir Saul kom sê. (1)
- 1.3 Oupoot was 'n alleenloper.  
(Of soortgelyk) (1)
- 1.4 Hulle kon daarna vrede maak nadat Saul vir Josef oortuig het dat Oupoot nie vir Josef se kind se dood verantwoordelik was nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 1.5 Freek was 'n trofeejagter.  
Freek het in elk geval nie van Saul gehou nie.  
(Of soortgelyk) (2)
- 1.6 Niemand moes dit in die hande kry nie./ Niemand sou dit dan kon verkoop nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.7 C / Saul verlaat die Bos vir die eerste keer. (1)  
A / Saul sien vir MacDonald vir die eerste keer. (1)  
D / Kate se besoeke aan Saul op Sondag word gestaak. (1)  
B / Saul word 'n delwer in die Bos. (1)
- 1.8 1.8.1 B / Oupoot is doodgeskiet. (1)  
1.8.2 A / Saul hoor Arend is dood. (1)  
1.8.3 E / Saul word weggejaag. (1)  
1.8.4 D / 'n Boom val op Joram. (1)
- 1.9 gespanne (1)
- 1.10 Saul wil Oupoot doodskiet terwyl ons weet dat Saul baie lief is vir Oupoot. (1)

- 1.11 1.11.1 Saul het geweier om die kalender af te kap./ Sy pa het hom weggejaag.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 1.11.2 Saul het die feit bevraagteken dat die bloubokkie se gal in sy kop gesit het.  
Saul het die vernedering van sy pa deur MacDonald aanskou.  
(*Of soortgelyk*) (2)
- 1.11.3 Ja, dit was vir 'n goeie rede, want die behoud van die Bos was vir Saul belangrik.
- OF**
- Nee, dit kan as disrespekvol beskou word.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 1.12 Saul het geweet dat daar beter opsies was om geld te maak./ Die bos was nie die antwoord op hul armoede nie.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 1.13 Oupoot wou vir Saul die skade aan die Bos wys.  
Oupoot het geweet dat Saul die enigste persoon was wat die Bos kon red.  
Oupoot het vir Saul as sy mens-broer beskou.  
(*Of soortgelyk*) (3)
- 1.14 D / verraaiër (1)
- 1.15 Oupoot was die grootste olifant in die Bos.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 1.16 mens-broer (1)
- 1.17 Hy het Oupoot se spore naby die skerm herken. (1)
- 1.18 Saul het vir die bos omgegee./ Saul was eerlik/regverdig.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 1.19 Saul het geld en aansien gehad.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 1.20 Oupoot het Saul probeer beskerm, terwyl Jozef vir Saul kwaad was.  
(*Of soortgelyk*) (*NOEM ALBEI KANTE*) (2 of 0 punte) (2)

**[35]**

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA  
HOEKOM – Marita van der Vyver**

- 2.1 2.1.1 neerdrukkend (1)
- 2.1.2 Dis 'n ou huis./ Geen moderne geriewe nie.  
Die kinders word gedwing om dinge saam te doen / te help met takies.  
Die kinders is glad nie ingenome met Mana se idee van 'n vakansie nie.  
(Of soortgelyk) (3)
- 2.2 As eenkantmens word hy gedwing om dinge saam te doen.  
Hy moes dinge teen sy sin doen.  
Die huis was vol stof en Yann kry hooikoorsaanvalle van die stof.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 2.3 Tibo sien die army as pret/fantasie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 2.4 2.4.1 Diensplig is alreeds afgeskaf.  
(Of soortgelyk) (1)
- 2.4.2 Volgens Mana kon seuns met poppe speel/vroueklere dra terwyl dit teen die tradisionele siening van seuns was.  
**OF**  
Mana het nie daarvan gehou dat seuns moes rugby speel nie terwyl rugby tradisioneel met seuns geassosieer word  
(Of soortgelyk) (NOEM ALBEI KANTE) (2 of 0 punte) (2)
- 2.4.3 Mana het met 'n gay man getrou.  
Mana het gekies om 'n proefbuisbaba te hê.  
Mana het nie veel aandag aan haar voorkoms geskenk nie.  
Mana het haar gesin op haar wittebrood saamgeneem.  
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)
- 2.4.4 Haar gesin kon nie ordentlik met mekaar kommunikeer nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 2.4.5 Mana het haar gesin op haar wittebroodvakansie in 'n afgeleë huis saamgeneem.  
Hulle is sodoende gedwing om dinge saam te doen en te kommunikeer.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.4.6 Die gebrek aan geriewe/elektrisiteit het hulle gedwing om ...  
  - kreatief te wees.
  - mekaar met takies te help.
  - te kommunikeer.
  - Die huis was afgesonder/op 'n berg.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

- 2.5 “Maar ek is nog te deur die slaap om skoor te soek.” (1)
- 2.6 A / realis (1)
- 2.7 Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom (1)
- 2.8 Beyers was ’n akteur.  
Beyers was betrokke by kuns.  
Beyers was ’n voorleser by die kunstefeeste.  
Beyers het haar aangemoedig om haar skryftalent te ontwikkel.  
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)
- 2.9 2.9.1 Die res van die gesin het ten minste saam gelag.  
Hulle was almal bymekaar, gefokus op dieselfde aktiwiteit.  
Amos en Tibo kom goed oor die weg.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 2.9.2 Hanna het besef dat hulle eintlik grappe maak oor haar gedig.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 2.9.3 Ja, Hanna het juis met haar selfvertroue gesukkel.
- OF**
- Nee, Hanna moes haar nie aan haar broers gesteur het nie.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 2.9.4 Hanna het besluit dat hulle haar gedigte ’n honderd keer moes uitskryf. (1)
- 2.9.5 Yann gee haar ’n pen as ’n verjaarsdaggeskenk.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 2.10 C / Uit Mana se verhouding met Gavin word Hanna gebore.  
D / Mana besluit om ’n proefbuisbaba te kry.  
A / Na Mana se troue met Beyers, trek hulle na ’n groter huis.  
B / Mana besluit op ’n wittebrood op Botterberg. (4)
- 2.11 2.11.1 B / Die geboorte van Ditjie (1)  
2.11.2 D / Gavin vermaak die gesin op Botterberg (1)  
2.11.3 C / Gavin se aankoms op Botterberg (1)  
2.11.4 A / Sharon se aankoms op Botterberg (1)

**[35]**

**VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn**

- 3.1 Elsabet (1)
- 3.2 Die kind is kort na geboorte dood (as gevolg van asemhalingsprobleme).  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.3 Hulle het die baba met dié van Kinnie s'n omgeruil./ Hulle sou die babas omruil.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.4 Kinnie is kort na die geboorte van die kind dood.  
Jannerik kon nie die kind by Ou Sanna los nie, want sy was blind.  
Jannerik moes noodgedwonge die kind saam met hom na sy werkplek op Meeuland neem.  
(Of soortgelyk) (3)
- 3.5 3.5.1 Hulle sou die omruil van die babas 'n geheim hou.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.5.2 Ja, Elsabet en Jacob se huwelik was op die spel./ Elsabet sou nie haar baba se dood kon verwerk nie.  
**OF**  
Nee, 'n baba kan nie gebruik word om 'n huwelik te red nie. / Babas kan nie vervang word nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.5.3 Sy het gevoel dat Janka oud genoeg was om die waarheid te weet.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.6 Dit verteenwoordig Ryna se dagboek.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.7 C / Janka lekker gelag het toe sy die eerste keer 'n pikkewyn gesien het wat sy vlerke flap. (1)
- 3.8 Aanvaarbaar, want sy moes dinge in haar lewe uitsorteer om 'n gelukkige ma te wees.  
**OF**  
Onaanvaarbaar, want die babatjie was nog te klein. (1)
- 3.9 Haar huwelik met Jacob was op die rotse.  
Meeuland was vir haar soos 'n tronk.  
(Of soortgelyk) (2)

- 3.10 Janka was sy eie kind wat verwek is toe hy vir Kinnie verkrag het.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.11 Ryna het dit later in die huis ontdek.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.12 Ryna kon weer oor begin.  
Ryna kon weer liefde vind.  
Ryna kon die navorsing oor haar boek voltooi.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 3.13 Janka het vir Kersvader met sy geskenke ingewag.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.14 Janka het al genoeg deurgemaak./ Sy was so klein om dit te beleef./  
Dit het teen die verloop van die Kersfees-atmosfeer gebeur.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.15 Sy het wilskrag/deursettingsvermoë.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.16 Janka moes weer leer loop.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.17 Hansie en Matthys (2)
- 3.18 Dit kon nadelig wees vir hulle reputasie in die dorp.  
Ryna het hulle nie vertrou nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.19 Jacob het gewerk vir sy geld terwyl Skalla by smokkelhandel betrokke was.  
(Of soortgelyk) (NOEM ALBEI KANTE) (2 of 0 punte) (2)
- 3.20 A / Ryna beland in 'n kliniek na die dood van haar gesin. (1)  
C / Jacob is verras toe hy uitvind dis 'n vrou wat vir navorsing Meeuland toe  
kom. (1)  
B / Janka word gebore. (1)  
D / Skalla word doodgeskiet. (1)
- 3.21 3.21.1 B / Die dood van Ronnie en sy seun. (1)  
3.21.2 E / Janka word raakgeskiet. (1)  
3.21.3 A / Ryna sien vir Daniël wat nes haar seun lyk. (1)  
3.21.4 C / Ryna moet navorsing oor seevoëls gaan doen. (1)

**[35]**



**VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt**

- 4.1 4.1.1 gespanne (1)
- 4.1.2 Tant Malie het verwag dat Lien moes betaal vir die koppies en borde wat per ongeluk gebreek het.  
(Of soortgelyk) (1)
- 4.1.3 Lien het gevoel dat hulle oorgesien moes word omdat dit 'n ongeluk was TERWYL Agnes haar boete aanvaar het.  
(Of soortgelyk) (NOEM ALBEI KANTE) (2 of 0 punte) (2)
- 4.1.4 Ja, ongelukke gebeur met almal.  
**OF**  
Nee, ongelukke verskoon jou nie van jou skuld/verantwoordelikhede nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 4.2 4.2.1 Lien se pa was in die tronk.  
Lien se ma het die geld op drank gemors.  
Braam sny homself af van alle verantwoordelikhede in die huis.  
Daar was nie kos in die huis nie.  
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)
- 4.2.2 Lien het geld verdien toe sy by Donovan gewerk het.  
Lien het geld verdien toe sy op straat gebedel het.  
(Of soortgelyk) (2)
- 4.2.3 Lien is gekies om die rol van Weird Maria te speel.  
Lien het op 'n pruik in die rekwisietekamer afgekom.  
(Of soortgelyk) (2)
- 4.3 Tannie Bets het vir Lien-hulle kos aangedra.  
Tannie Bets het vir Lien die werk by tant Malie gekry.  
Tannie Bets was besorgd oor die familie.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 4.4 4.4.1 Lien wou graag oorsee gaan.  
(Of soortgelyk) (1)
- 4.4.2 Lien het geld gespaar.  
(Of soortgelyk) (1)
- 4.4.3 Lien het alreeds 'n skewe beeld van 'n prokureur gehad as gevolg van haar pa se bedrog.  
(Of soortgelyk) (1)
- 4.4.4 Die toneelspel het haar laat besluit om drama te studeer.  
(Of soortgelyk) (1)

- 4.5 drankprobleem (1)
- 4.6 A / haar ma is besig om rustig te drink. (1)
- 4.7 4.7.1 Lien het gehoop om haar ma tot ander insigte te bring.  
Lien wou die gelukkige atmosfeer weer beleef, al sou dit net vir 'n oomblik wees.  
(Of soortgelyk) (2)
- 4.7.2 Op laerskool het Lien goed klavier gespeel.  
Lien het goed gevoel toe haar ma die gaste na die skoolkonsert vermaak het.  
(Of soortgelyk) (2)
- 4.8 Op laerskool was Lien 'n bekende klavierspeler, maar nou is sy 'n bedelaar.  
(Of soortgelyk) (1)
- 4.9 4.9.1 Lien verwaarloos haar skoolwerk.  
Lien is moedeloos/gefrustreerd.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.9.2 Lien se skoolwerk is belangrik vir haar toekoms.  
Lien is in matriek en moet harder werk.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.10 B / Lien se pa beland in die tronk. (1)  
D / Kuifie kom kyk hoe dit met Lien-hulle gaan. (1)  
A / Lien se ma verskyn dronk by die skoolhek. (1)  
C / Kuifie herken vir Lien toe haar pruik eendag afwaai. (1)
- 4.11 4.11.1 C / Christien Jooste steel by die winkel. (1)  
4.11.2 A / Lien besef dat sy na Tibbey sal moet omsien. (1)  
4.11.3 D / Lien se pa beland in die tronk. (1)  
4.11.4 E / Sue-Ellen keer weer terug werk toe. (1)

**[35]****TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 5.1 5.1.1 ontspanne (1)
- 5.1.2 Daar was harmonie tussen Poppie en Stone.  
Poppie se skoonmense is tevrede met Poppie.  
Stone is tevrede dat Poppie hulle kinders op haar ouma se manier sal grootmaak.  
Poppie was op die punt om meer stabiliteit in haar lewe te kry.  
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)
- 5.2 Ouma Hannie het Poppie al die dinge van die Xhosa-geloof geleer.  
Poppie moes Xhosa praat en nie Afrikaans nie.  
Ouma Hannie het Poppie van godsdiens geleer.  
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)
- 5.3 5.3.1 Poppie het nie van haar ma se tweede man gehou nie/hom as oom aangespreek.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 5.3.2 Ma Lena se eerste man het nie vir haar en sy gesin gesorg nie.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 5.4 Poppie het beplan om vir 'n vakansie na Herschel te gaan, maar sy en haar kinders moes later noodgedwonge na Herschel trek.  
(*Of soortgelyk*) (*NOEM ALBEI KANTE*) (2 of 0 punte) (2)
- 5.5 Poppie en haar gesin moes na Ciskei trek omdat Stone van die Ciskei was.  
Poppie moes haar kinders by haar skoonouers gaan los.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 5.6 vertellers (1)
- 5.7 5.7.1 Poppie moes die skool verlaat om na ma Lena se kinders te kyk.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 5.7.2 Volgens Mosie is hy daar gebore.  
Mosie het by 'n garage in Lambertsbaai gewerk.  
Mosie het by die Union College geleer.  
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)
- 5.7.3 Hulle besittings is uit hulle huise gegooi.  
Hulle huise is afgebrand.  
(*Of soortgelyk*) (2)

- 5.8 Stone was die broodwinner van sy huis en kon nie sy werk los nie. (1)
- 5.9 5.9.1 A / permitte (1)
- 5.9.2 Poppie kon ten minste stabiliteit beleef al was dit slegs vir 'n kort rukkie.  
Poppie het 'n halfdagwerk gekry.  
(Of soortgelyk) (2)
- 5.10 Mr Strydom het haar genadiglik 'n "extension" gegee.  
Mrs Retief het haar met 'n "extension" gehelp.  
Mrs Swanepoel het haar kontakte gebruik om vir haar 'n "extension" te reël.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 5.11 Ja, dan sou Poppie nie soveel probleme gehad het nie.  
**OF**  
Nee, Poppie het toe nie geweet dat paswette ingestel sou word nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 5.12 Bonsile het 'n skoolmeisie swanger gemaak.  
Bonsile het by die opstande betrokke geraak toe hy vir Jakkie help om Basoetoeland toe te vlug.  
(Of soortgelyk) (2)
- 5.13 Poppie wou nie hê Bonsile moes in die Kaap agterbly nie.  
Poppie wou eers die versekering gehad het dat daar 'n skool vir haar kinders was voordat sy Mdantsane toe getrek het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.14 B / Poppie verhuis na Nyanga. (1)  
C / Mbatane bou 'n sinkhuis in Elsies. (1)  
A / Stone bou 'n tweeslaapkamerhuis in Jakkalsvlei. (1)  
D / Poppie trek na Mdantsane. (1)
- 5.15 5.15.1 C / Stone gaan by die melkfabriek werk. (1)  
5.15.2 B / 'n Polisieman word doodgeskiet. (1)  
5.15.3 D / Die "riot squad" skiet tussen die mense in. (1)  
5.15.4 A / Poppie word 'n huis en 'n skool belowe. (1)

**[35]**

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

- 6.1 Frankryk/ Engeland/oorsee  
(*Enige EEN*) (1)
- 6.2 6.2.1 Karoo (1)
- 6.2.2 Hendrik het 'n ou stukkende kar.  
Hendrik en Katrien stry oor geld/uitgawes.  
Die McDonalds bly by 'n klein ou stasietjie.  
Hulle gebruik 'n koolstoof/kerse.  
Hulle het geen elektrisiteit nie.  
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)
- 6.3 6.3.1 Hendrik probeer 'n gelukkige atmosfeer skep terwyl die atmosfeer by  
die McDonalds maar altyd gespanne/neerdrakkend was.  
(*Of soortgelyk*) (*NOEM ALBEI KANTE*) (2 of 0 punte) (2)
- 6.3.2 Gebrek aan sinvolle kommunikasie  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 6.4 6.4.1 Willem ly aan 'n angstoestand.  
Willem kon nie praat nie.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 6.4.2 Emma was bang vir verhoudings; sy sien haar ouers se ongelukkige  
huwelik.  
Emma praat nie; sy hardloop weg.  
(*Of soortgelyk*) (1)
- 6.4.3 Katrien wil wegkom van hierdie klein stasietjie.  
Katrien voel Hendrik verstaan haar nie.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 6.5 6.5.1 Die Karoo is lank, droog en uitgestrek.  
Die stasietjie is klein/verlate.  
Die dorpsmense is nie baie vriendelik met die McDonalds nie.  
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)
- 6.5.2 Ja, 'n mens kan soos die McDonalds in negatiewe omstandighede  
verval.  
**OF**  
Nee, geluk is iets wat van binne af kom.  
(*Of soortgelyk*) (1)

- 6.6 Hendrik verwys na sy eie gesin se ongelukkigheid.  
(Of soortgelyk) (1)
- 6.7 6.7.1 Hendrik moet die dinge van 'n vrou verstaan.  
Hy moet meer aandag skenk/luister na sy vrou.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.7.2 Hendrik moet ophou dinge wil reg raas/liewer oor probleme  
praat./Moenie Emma in 'n verhouding forseer nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.8 Willem kon nie praat nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 6.9 Nollie was lief vir Emma.  
Nollie was bang dat Hendrik met hom sou raas omdat Emma geval het.  
(Of soortgelyk) (1)
- 6.10 skuldgevoel/bekering  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.11 toordery/duiwelskuns  
(Of soortgelyk) (1)
- 6.12 gespanne (1)
- 6.13 6.13.1 Dominee kom net kuier om geld te kollekteer of om te veroordeel./  
Dominee glo die skinderstories sonder om met hulle te gesels.  
(Of soortgelyk) (1)
- 6.13.2 Hulle het saam gestaan/saamgestem oor dieselfde saak. (1)
- 6.14 A / hy die nar agter by die kerk sien inkom het. (1)
- 6.15 6.15.1 Die nar word raakgeskiet.  
(Of soortgelyk) (1)
- 6.15.2 Volgens die dominee spot die nar met God.  
Volgens die dominee het die nar vir Willem leer toor.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.15.3 Hendrik het Willem beter verstaan.  
(Of soortgelyk) (1)

- 6.16 C / Katrien staan by die wasgoeddraad en kyk hoe die trein wegraak. (1)  
A / Katrien sit voor die spieël, besig om haar te grimeer. (1)  
B / Katrien verdedig vir Hendrik teenoor Frans. (1)  
D / Katrien verseker vir Hendrik dat hy al een is wat sy ooit liefgehad het. (1)
- 6.17 6.17.1 C / Die aankoms van die sirkustrein. (1)  
6.17.2 A / Hendrik maak 'n opmerking oor Nollie. (1)  
6.17.3 D / Katrien is snikkend omdat Hendrik haar ontstel het. (1)  
6.17.4 E / Hendrik-hulle stap die skuur vir die eerste keer binne. (1)

**[35]**

**VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee**

- 7.1 gespanne (1)
- 7.2 7.2.1 Fiela het geweet dat Benjamin nie haar kind was nie en dus gevrees hy sou van haar weggeneem word.  
(Of soortgelyk) (1)
- 7.2.2 Fiela het hom een oggend by haar agterdeur ontdek.  
(Of soortgelyk) (1)
- 7.2.3 Fiela het hom een oggend by haar agterdeur ontdek.  
Fiela het probeer om die geval aan te meld, maar was onsuksesvol.  
Fiela het besef dat die kind later te geheg aan haar geraak het om hom weg te gee.  
(Of soortgelyk) (3)
- 7.2.4 12 jaar (1)
- 7.3 7.3.1 Dikke wou Benjamin se vertrouwe wen.  
(Of soortgelyk) (1)
- 7.3.2 In Knysna/die dorp/by die Van Rooyens  
(Enige EEN) (1)
- 7.4 Dit was ongehoord dat witmense mekaar as “baas” aanspreek. (1)
- 7.5 Benjamin was slegs drie jaar oud toe hy by Fiela se agterdeur beland het.  
As driejarige was Benjamin te klein om so ver te stap.  
(Of soortgelyk) (1)
- 7.6 Benjamin het Selling as “Pa” aangespreek.  
Selling het vir hom ’n skuitjie gemaak.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.7 Lange sou gaan uitvind oor die kind wat weggeraak het.  
(Of soortgelyk) (1)
- 7.8 Vrees/spanning (dat Benjamin weggeneem sou word)  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.9 Dui op tydsverloop/hoe Fiela die tyd afgetel het/beklemtoon die volgehoue spanning by Fiela.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)



- 7.10 “Vandag is die dag wanneer hulle gaan terugkom.”/  
“Februarie. Maart. April. Voorwinter.”  
(*Enige EEN*) (1)
- 7.11 7.11.1 Berusting/verligting/gerustheid/hoop  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 7.11.2 Lange en Dikke het teruggekeer om Benjamin hof toe (na die  
magistraat) te vat. (1)
- 7.12 A / Barta se kind was. (1)
- 7.13 7.13.1 Fiela wou Benjamin self na die magistraat neem. (1)
- 7.13.2 Fiela wou hê Benjamin moes gerus voel.  
Fiela wou nie Benjamin verloor nie.  
Fiela kon moontlik self haar saak stel.  
Fiela het Benjamin belowe dat sy nie sal toelaat dat hy weggevat  
sou word nie.  
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)
- 7.13.3 Lange het eers geglo dat ’n driejarige kind oor die berg kon loop,  
maar nou voel hy dat ’n 12-jarige nie so ver kan loop nie.  
(*Of soortgelyk*) (*NOEM BEIDE KANTE*) (2 of 0 punte) (2)
- 7.14 7.14.1 Benjamin was ’n wit kind by ’n bruin familie.  
Barta kon vir Benjamin uitwys.  
Fiela was nie daar om haar kant te stel nie.  
Benjamin kon nie onthou hoe hy daar beland het nie, want hy was te  
klein.  
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 7.14.2 Fiela was nie daar om haar kant te stel nie.  
Barta is voorgesê watter kind om uit te wys.  
(*Of soortgelyk*) (2)
- 7.15 D / Lukas/Benjamin besoek Miss Weatherbury om vir Nina ’n groot guns te  
vra. (1)  
C / Lukas/Benjamin konfronteer Barta oor sy identiteit. (1)  
B / Barta erken dat sy in die hof gelieg het. (1)  
A / Kittie skryf ’n brief aan Benjamin. (1)
- 7.16 7.16.1 D / Lukas besoek Miss Weatherbury vir die eerste keer. (1)  
7.16.2 A / Die magistraat het besluit dat Lukas ’n Van Rooyen is. (1)  
7.16.3 C / Benjamin verskyn met ’n skuitjie voor Lange en Dikke. (1)  
7.16.4 E / Daar is nie plek vir Fiela op die perdekar nie. (1)

**[35]****TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 8: SPIEËLBEELDE

#### 8.1 “VEGVLIËËNIER VIVIAN” – Francois Geringer

- 8.1.1 (a) gespanne (1)
- (b) Daar was 'n oorlogsituasie.  
Dit was Vivian se eerste werklike toets.  
Vivian was die eerste vroue-vegvlieënier.  
Vivian was nie seker of haar kamerade haar ten volle vertrou  
nie.  
*(Enige DRIE of soortgelyk)* (3)
- 8.1.2 (a) Vivian moes slegs die agterhoede dek en geensins by die  
geveg betrokke raak nie.  
*(Of soortgelyk)* (1)
- (b) Die kaptein sou haar nie deel van sy span gemaak het as hy  
haar nie vertrou het nie.  
Jy bevraagteken nie die bevele van jou seniors te midde van  
gevaar nie.  
*(Of soortgelyk)* (2)
- (c) “Vyand op elfuur en eenduisend hoër as julle.” (1)
- 8.1.3 Die dele word kursief gedruk.  
*(Of soortgelyk)* (1)
- 8.1.4 (a) Aan die begin was hy wantrouig/bevooroordeeld, maar teen  
die einde het Vivian sy vertrouwe gewen/hy het haar erkenning  
gegee.  
*(Of soortgelyk) (NOEM BEIDE KANTE) (2 of 0 punte)* (2)
- (b) Vivian het haarself bewys.  
Vivian het die kaptein se lewe gered.  
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)
- 8.1.5 Vivian het hulle met die teorie gehelp en hulle het haar fisies  
bygestaan. (2)
- 8.1.6 B / Vivian en John besoek die Paasskou. (1)  
C / Vivian raak by die etenstafel aan die slaap. (1)  
D / Vivian voel 'n naarheid in haar opstoot. (1)  
A / Vivian ontvang 'n eresaluut van die kaptein. (1)

## EN

## 8.2 “DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE” – Deon Meyer

- 8.2.1 Len is nou heeltemal agterdogtig oor Robbie.  
Len wou nog inligting oor Robbie inwin.  
(Of soortgelyk) (2)
- 8.2.2 Len vind by die inwoners uit dat Robbie se grootwordjare baie duister was.  
(Of soortgelyk) (1)
- 8.2.3 Len het uitgevind dat daar ’n verband was tussen Robbie en die dood van die vermiste vroue.  
(Of soortgelyk) (1)
- 8.2.4 Len was ontrou aan sy vrou.  
Len het van sy kunstenaars geldelik verneuk.  
Len het bo sy inkomste geleef./ Hy was amper bankrot.  
Een van sy kunstenaars was in ’n dwelmskandaal betrokke.  
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)
- 8.2.5 Len was aandadig aan die moord op Sasha deur haar lyk te begrawe.  
Len het voldoende geleentheid gehad om die saak by die polisie aan te meld.  
(Of soortgelyk) (2)
- 8.2.6 Robbie se pa het hom mishandel/gemolesteer.  
Robbie moes sy pa se lyk begrawe nadat sy ma sy pa doodgeskiet het.  
Robbie se ma het geweet dat sy pa hom mishandel het, maar niks daaromtrent gedoen nie.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 8.2.7 Robbie het hom op sy ma gewreek deur die vroue wat hulself aan hom oorgegee en soos sy ma gelyk het, te vermoor.  
(Of soortgelyk) (1)
- 8.2.8 die polisie  
(Of soortgelyk) (1)
- 8.2.9 (a) B / Cybelene vertel vir Len van Robbie se musiektalent. (1)  
(b) C / Robbie skryf sy kamernommer op ’n stukkie papier neer. (1)  
(c) A / Daar was ’n dwelmskandaal rondom een van sy sangers. (1)  
(d) D / Len bespreek ’n vlug na Kaapstad. (1)

**[35]****TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D: GEDIGTE****VRAAG 9: VERSKUNS VIR ADDISIONELE TAAL****9.1 “PALIMPSES” – Johann de Lange**

- 9.1.1 PalimpSES verwys na 'n perkamentrol waarvan die oorspronklike skrif afgekrap of onsigbaar gemaak is sodat daar weer op geskryf kan word.  
(Of soortgelyk) (1)
- 9.1.2 Die hemel is wolkloos.  
(Of soortgelyk) (1)
- 9.1.3 Die bome word afgekap.  
Dan word dit gesaag en gemaal.  
Dan word dit gepulp en geplet.  
(Of soortgelyk) (GEEN direkte aanhalings word aanvaar nie.) (3)
- 9.1.4 “Bome skryf.” / “Stil is die bome” (1)
- 9.1.5 pulp en plet./p-alliterasie (1)
- 9.1.6 Dit dui op die aaneenlopendheid van die vernietigings-/herskeppingsproses. (1)
- 9.1.7 (a) Die woord “stil” word herhaal.  
Reël 8 en 9 begin met die woord “stil”.  
Die wit spasie tussen die strofes  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- (b) “kletterend” (1)
- 9.1.8 Die houtkapper vernietig terwyl die persoon (her)skep.  
(NOEM ALBEI KANTE) (2 of 0 punte) (2)
- 9.1.9 Die mens ervaar ook baie pyn in hierdie wêreld. (1)
- 9.1.10 Ek sal die natuur wil bewaar/betrokke raak by bewaring van bome.  
Ek sal nie bome wil vernietig nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (Antwoord moet dui op bewaring.) (1)
- 9.1.11 afgekap word (1)
- 9.1.12 B / in plat stroke gedruk word. (1)
- 9.1.13 Papier is afkomstig van bome waarop skeppende dinge geskryf/geteken word.  
(Of soortgelyk) (Antwoord moet dui op herskepping.) (1)

**EN**

## 9.2 “DIE NUWE KIND” – Pieter Strauss

- 9.2.1 Ons verwag om van 'n kind te lees wat nuut/vreemd/ongemaklik/bang (in 'n bepaalde ruimte) is.  
(Of soortgelyk) (1)
- 9.2.2 Jou vashou/stop jou in jou spore.  
(Of soortgelyk) (1)
- 9.2.3 Die woord word herhaal.  
Die klemteken op die woord  
(Of soortgelyk) (2)
- 9.2.4 'n Koningskind behoort nie skaam of vreemd te voel nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 9.2.5 (a) Sy hare is volgens die reëls geskeer.  
Hy het dieselfde skooldrag aan.  
(Of soortgelyk) (2)
- (b) Tupperware-bakkie/  
Eet pouse sy brood.  
Nuwe leerders is gewoonlik op die eerste dag eenkant/alleen.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 9.2.6 Die kind beweeg uit die klas na buite vir pouse, dan na die kunsklas.  
(Of soortgelyk) (1)
- 9.2.7 “(prentjie) seile”/ “mas”  
(Enige EEN) (1)
- 9.2.8 (a) Dit kom uit sy hart uit.  
Dit verwys na sy hart.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- (b) vryheid/bevryding  
(Kan ook op enige positiewe verandering dui.) (1)
- 9.2.9 Die kind droom verder./Kan dui op toekoms. (1)
- 9.2.10 (a) D / wending (1)  
(b) C / inversie (1)  
(c) A / assonansie  
C / inversie (1)  
(d) B / enjambement (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**